# Going back – Week 4: *"Here, ontferm U oor my... sodat ek my oor ander kan ontferm... have mercy… sodat ek mercy kan wys…"*

die land brand
en ek maak spek en eiers
die radio dra berigte van voortslepende plundery
'n ekonoom probeer die die skade in syfers uitdruk
en ek druk lemoensap uit

dis nie sommer sulke spek en eiers nie
ek sny 'n ui in klein stukkies
en laat dit sis in die olie in die pan
soveel is dood sê die radio
soveel in arres

ek sny die sampioene op
dit braai goudbruin saam met die uie
talle apteke is verwoes vertel 'n stem
mense kry nie hulle medisyne nie

ek skep die uie en sampioen uit die pan
en sit dit in die louoond
waar die borde reeds warm word
rafinaderye kom tot stilstand
iemand praat van 'n brandstoftekort
terwyl die spek begin braai

ek rasper kaas
selfs die bloeddiens is beroof
die spek gaan louoond toe
die uie en sampioene sis weer in die pan
saam met die eiers wat ek daarooor breek

'n landbouleier waarsku oor voedselsekuriteit
ek strooi die kaas oor die eier en roer dit in
haal die borde uit die louoond en skep op

ons gaan sit by die tafel
en ek weet nie wat om te bid nie

*Neels Jackson (14 Julie 2021)*

**Daar is 15 Psalms (120-134) wat die Jode gebid en gesing het oppad na die tempel toe.** As ons kyk wat die Jode gedoen het in onseker tye, waarin hulle baie keer was, dan het hulle opgetrek Jerusalem toe, het hulle na die plek toe gegaan waar hulle geglo het God is en het hulle gaan bid... ons moet nou meer as ooit bid.

**Watter eerlike perspektief gee Neels Jackson se gedig hierbo daaroor?**

***Ek wil jou uitdaag om vir 2 maande hierdie Psalms/gebede saam met my te bid… al is dit al wat jy doen, bid dit 'n paar keer elke dag***

In **week 1** het ons gebid: ***"I'm in trouble. I cry to God, desperate for an answer."***
In **week 2** was die uitdaging: ***"Ek kyk op na die berge. Waar sal my hulp vandaan kom? My hulp kom van die Here wat hemel en aarde gemaak het***
In **week 3** het ons gebid: ***"Here, ek wil U loof! Ek kom om U te worship!"***
***In week 4*** gaan ons bid***: "Here, ontferm U oor my... sodat ek my oor ander kan ontferm... have mercy… sodat ek mercy kan wys…"***

**CONNECT** met mekaar:

- Wat was jou eerlike instinktiewe reaksie oor die gebeure die afgelope week in Suid-Afrika? Hoe het jy gevoel, wat het jy gedink?
- Wat dink jy is die regte Christelike reaksie om te hê?
- Waarvoor het jy gebid?

**CONNECT** met die Here:

- **Raak eers net stil**
- **Maak jou hande oop asof jy alles wat jy het vir die Here wil weggee**
- **Gee nog kans vir stilgebed en wag 'n paar oomblikke**
- **Laat een persoon Psalm 123 as gebed lees, en bid daam:** *"Here, ontferm U oor my... sodat ek my oor ander kan ontferm... have mercy… sodat ek mercy kan wys…"*
- **Bly nog stil vir 'n minuut of wat voor julle "amen" sê.**

**CONNECT** met die Here deur sy Woord - **Lees nou Psalm 123 weer.**

Hierdie Psalm is heelwaarskynlik geskryf toe die Jode slawe in ballingskap was. Hulle weet wat dit is om 'n slaaf te wees. Slawe het geen regte gehad nie. Die slaaf se eienaar /eienares het volle beheeer oor die slaaf gehad en dwarsdeur die geskiedenis weet ons slawe eienaars of base was onbillik, wreed, hard, onregverdig met min genade vir slawe.

- ❖ **Wat beteken dit dan om 'n slaaf of dienaar van die Here te wees?**

**Die skuif in hierdie Psalm is dat ons 'n ander soort "Slawe-eienaar" het, want 3 x lees ons die woord "ontferming" en is die gebed: "Ontferm U oor ons..."** *(In Engels is die woord vir ontferming – "have mercy")* Ons mag glo dat dit een van die belangrikste kenmerke is van kind van God wees (dis anders as slaaf wees!), is dat God mercy het vir ons en met ons.

Hierdie psalm is **'n gebed om vir God te vra om uit die hemel af te kom (v 1)** en langs ons te kom staan, om te kom regmaak in ons wêrelde en ons lewens – **ontferming = om af te buig na iemand.** Soos jy afbuig en kniel by 'n kind wat van die fiets afgeval het… so doen God met ons.

- ❖ **Hoe het God al** *onverdiende* ***"mercy" en genade vir jou gehad?***

**Maar mercy is bedoel om gedeel en uitgedeel te word. Lees Galasiërs 5:1, 6, 13-14**.

- ❖ **Vir wie het jy mercy?** Wie is die mense oor wie jy jou maklik ontferm en oor wie ontferm jy jou moeiliker?
- ❖ Ons verdien nie God se mercy/omgee/genade met ons nie. Die groter challenge vir ons as Christene is om ook so mercy te hê. **Hoekom is dit vir ons moeilik om mercy te hê met mense wat dit nie verdien nie?**

- Met wie moet ons dan mercy hê in Suid-Afrika?

Ons mag **nie bakhand-mense** wees wat net wil kry en ontvang nie, Kerk gaan nie oor hoeveel jy kry nie… maar hoeveel jy bereid is om te gee en te bring…en hoeveel genade jy het en jy onverdiend weggee.

Mother Theresa: *"Three things in human life are important: the first thing is to be kind, the second thing is to be kind, the third thing is to be kind."*

**CONNECT** met die Here:

Ons gaan vir die volgende 10 weke by hierdie 15 Psalms leer hoe om te bid as ons wil terug-gaan na die Here toe (*en ook sommer om ons harte voor te berei vir ons teruggaan kerk toe*).

Elke week gaan ons 'n nuwe gebed aanleer. Die challenge is om die Psalm elke dag van die week 'n paar keer te lees en elke keer die gebed van die Psalm te bid:

***Die gebed vir week 4*** is***: "Here, ontferm U oor my... sodat ek my oor ander kan ontferm... have mercy… sodat ek mercy kan wys…"***

**Lees weer Psalm 123 as stilgebed**

**Gee vir elkeen kans om op sy eie te bid**

**Lees dan hardop Psam 134 (***Ons gaan elke week met hierdie Psalm afsluit***)**